

O E S T Y D


Eerste kwartaal 2011

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou.

Indien ons R150 000 as geloofsbelofte-offers inkry, kan ons al ons sendelinge en sendingwerk aanhou ondersteun (sien "pie-chart"), behalwe die Koerdiese Wargah kerk in Noord-Irak en die Koerdiese Kerk in Armenië van Pastoor Boris – daarvoor het ons ekstra fondse nodig (ons het hulle in die verlede met R15000 elk ondersteun, maar toe was die Geloofsoffer-beloftes in totaal by die R200 000 – mag die Here gee dat ons wel hierdie kerke weer kan ondersteun!)

Geloofsbelofte-offers 2011 : waarvoor word dit aangewend



FRANKRYK : Corné en Sophie du Ploov met Claire. Thomas en Sébastien

Uittreksel van die e-pos van 1 Desember 2010 :

Goeiedag,

Kerkraadsvergadering: 19 Nov. Die voorsitter vd kerkraad het d afgelope tyd baie anti-evangelisasie uitsprake gemaak. Hy's ook gekant teen die verspreiding van die traktaatjies volgende jaar. D Kerkraad moes stem hieroor. Bid hiervoor. In beginsel is hy nie daarteen gekant nie, maar wil nie dat 'n mens te veel waves moet maak nie – doen sonder te veel praat.

Streeksinode: 26-27 nov. het goed afegeloop.

28 Nov: Gemeente-ete, 16h-17h Interkerklike Kerssangdiens. 18h-21h: Groep vir studente en jong werkendes (speletjiesaand). Was lekker moeg na die drie dae. Die afgelope 2jaar het ons elke laaste Sondag vd maand 'n gemeente-ete met 'n bybelstudie daarna gehad. Minder en minder mense het dit begin bywoon. Vanaf Januarie gaan ek teruggaan na 'n kombinasie vd poging vermeng met bid-ure en bybelstudie in die week. Bid hiervoor, asb.

Week-end de fraternité: 4 Dés 15h-17h: Bespreking: Huisgesin v God aangebied deur my.

5 Des: Gemeenskaplike erediens met ander etniese groepe v Bordeaux, Parys, Montpellier en plaaslik, gevolg deur 'n ete.

Kersete: 12 Des. Erediens en ete saam met Koreane met toneelstukkies en sang deur d kinders gedurende d middag. Bid asb vir d voorbereiding en motivering v gemeentede om betrokke te raak by d voorbereiding.

Ekumeniese Bybelstudie: 13 Des 20:30 - 22:30. Openbaring 8-11. Die inleiding en hfst 1-7 is alreeds 50bl lank.

9-16 Januarie: Internasionale Evangeliese Gebedsweek. Verskeie interkerklike byeenkomste word gereël.

18-25 Januarie: Gebedsweek vir die Eenheid onder Christene

Nuwelinge: Ons het 'n paar nuwe mense wat by die gemeente inskakel: Jean-François, José, Zola, Mélanie & Christophe, Micela en Michel, Yseult & Antoine,

Sara & Landry, Philippe et Anna - om 'n paar te noem. Die afgelope twee jaar het ons gemeente ook heelwat mense v Kameroen bygekry. Bid asb vir d opvolgwerk vir hierd mense: d meeste is vêr vd Evangelie af, maar stel belang.

Swangerskap: Ons het woensdag 2 weke terug, gehoor dat dit 'n dogterjie is - Claire is baie bly. Sophie voel beter, maar haar regterbeen met d spatare (varices) is baie seer. Haar been lyk 'n bietjie soos Hulk. Met elke swangerskap het dit erger geword. Na d tyd gaan dit darem weg. Sy het 'n yster te kort en haar liggaam absorbeer nie goed d ysteraanvullings nie. Sy sal waarskynlik vir 'n binne-aarse ysteraanvulling moet gaan.

11-13 Maart: Ons het begin met die voorbereidings. Bid asseblief hiervoor.

Motor: Ons het nog steeds d projek om ons motor te vervang, maar moet eers d huidige een verkoop. Op d oomblik het ons in een maand nog net 2 navrae na d motor gehad. Ons sal seker nog so 3500€ nodig hê nadat ons d huidige motor verkoop het om 'n groter 2de handse een te koop

ALTA GLAS skryf uit KAMBODJA

E-pos van 1 Desember 2010

Last year just as we had everything organised to apply for Cambodian governmental registration of Veritas Cambodia all registrations was postpone.

Two weeks ago we were advised that we now may apply and received new forms - just as we planned to take the forms in new laws were announced which would be enforced from July 2011, though some actions already started to come into play.

Tax will be enforced on all the NGO's, LNGO's and individuals (Khmer and foreigners) in Cambodia. As I understand it from preliminary information it sounds as if non-profit organisations, like EFC (Evangelical Fellowship Cambodia), will have to pay tax as well.

Small organisations' application forms will be delayed and moved to the bottom of the pile as the Government feels they are only interested in big organisations (many \$'s) who are able to make notable differences.

As foreigner I now receive regular visits from the commune police with a request to show my visa and house contract- there is definitely a higher awareness and regulation of foreigners within the country as well.

All of this will have negative consequences for us – please pray, as we search our way through the maze of the new laws, that God would show us the directions we need to take in order not to ignore the laws of the Cambodian Government but also to do what is the best for VCCam.

E-pos van 14 Desember 2010

Please pray with us

Gime is VCCam's office cleaner, a friend of many years and a prayer partner. Her son Sina (23yrs old, married 1 year ago) has been diagnosed with a brain tumour last week.

This tumour started to leak fluid, he nearly lost all his hearing, extreme headaches, lost balance etc. There is no facility in Cambodia to operate on the brain. It is possible to put a drain into the tumour in order to drain the water from the brain though it is scary to think of a procedure like this be done in Cambodia.

I again want to thank the anonymous GIVER OF \$60 A MONTH this money is always saved to help those in real need. We could help to pay the brain scan etc last week. Some people are very cynical about giving as they feel people just stand with open hands – this is not true of this family, they received a collection at church and she brought the money to me to give some back of what we spent last week. I did not want to took it she insist.

To evaluate if this young man's life can be saved, he needs to go to Bangkok, Singapore or Vietnam. Then there will also be the costs of the operation. Please pray with us as VCCam co-workers and friends of this strong Christian family for wisdom and knowledge how to support and help this young man. Personally I am thinking of selling my car in order to help, but will wait until I know if an operation is possible. My heart is broken for this family and since I went with them to dr last week my tears are on the surface.

Saran's dad Rim was operated yesterday for a throat tumour ... it is going well with him, we will know in 10days if it is cancerous or not.

My hand is not doing well. The Cambodian dr decided on Saturday to leave the cast of even though the x-rays does not show any signs of healing. I asked him if it is wise he told me just not to use my hand. My whole hand is swollen and painful – it is already 3 weeks 2 days after the fall. I will see the Thai orthopedic dr on Wednesday.

Thank you to all of you for your prayer and for standing in the gap for Sina and Rim

Alta is tans op besoek in Suid-Afrika tot 9 Maart 2011 en haar foonnommer is 0729452366.

Haar versoek: Moet asb nie vergeet om saam te bid dat:

- Die Here regte woorde in ons harte sal lê
- Ons 'n getuienis sal kan wees vir die wonder van God se werking in ons land.
- Die Here vir ons deure sal oopmaak nie
- Dat ons gebeds ondersteuners en fondse sal kan werf vir VCCam.
- Die Khmer se eerste vlug en die hele uitreik en al die special dae wat gereel is as 'n seen sal sien
- Ons in ons span eenheid meer sal groei.

Allan en Ansie van der Merwe skryf uit GURUE - MOSAMBIEK

Nuusbrief van November 2010

Die radio projek is steeds aan die gang en alles gaan voort soos normaal. By Chabwe skool gaan dit ook goed, die stoepie se dak het af gewaai en die gemeenskap is besig om dit te herstel.

Ons het Quilimane toe gery in die maand wat verby is, om onder andere 'n motorfiets vir die radio projek te gaan aankoop, en somer net om bietjie uit die huis te kom. Tot ons verbasing ry ons in 'n splinter nuwe stad in die paaie is geteer, in die verlede moes ons maar deur die dongas ry. Ons het die wegbreek geniet, al was dit slegs vir die dag.

Hulle het weer hier by ons gesteel op die werf, hierdie keer het hulle die slot van die kragopwekker se kamer oop gebreek en die kanne met diesel en al gesteel, hulle het ook weer vlak voor die agterdeur drie van ons solar baterye gesteel. Die volgende dag het die een persoon die diesel aan een van die radio projek manne probeer verkoop, die man het die kanne herken en dadelik met sy selfoon 'n boodskap gestuur na een van ons wagte toe.

Allen en die wagte is weg in die bakkie, hulle het saam met die polisie tot in Lehoma so 40km van ons af gesoek na die diewe, die een outjie is gevang en toe gesluit, die ander een is nog op vrye voet, maar al die baterye en ook die kanne diesel is terug gevind. In die verlede het Allen die manne 'n goeie preek gegee en

hulle laat gaan, maar hierdie keer het hy besluit om hulle te laat straf, hulle kom in groepe, intimideer die wagte en begin slotte breek om by die goed uit te kom.

Ons albei het malaria gehad en is steeds besig om te herstel daarvan, die hoofpyn is maar nog op die voorgrond alhoewel die koors nie meer daar is nie.

Ons sien uit daarna om bietjie SA toe te kom, ons beplan om eers DV 8 Desember hier te vertrek, maar dit gaan alles afhang van Allen se gesondheid, sy bloedruk is bietjie hoog die laaste tyd en sy bloedruk pille moet aangepas word. Sy bril het ook intussen gebreek en hy sukkel om te lees, die ou bril wat hy dra gee hom baie hoofpyn en hy sal 'n nuwe een in SA moet kry.

Ons verblyf permitte moet op 20 November hernu word, dit is 500km suid van ons af oppad na SA, as Allen se gesondheid nie verbeter nie sal ons daardie dag aanry na SA, ons sal julle wel op hoogte van sake hou.

Bid asseblief vir ons voorbereiding en vertrek na SA.
Bid ook vir ons gesondheid, dat die Here ons sal beskerm.
Bid steeds vir die projekte

Indien iemand ons wil kontak, hier volg ons SA nommer: 0719346893

Freddie Swart skryf oor MOSAMBIEK – GURUE RADIOBEDIENING

Uittreksel uit nuusbrieff 6 Desember 2010

By die skrywe van hierdie nuusbrieff het Allen v/d Merwe hulle pas vertrek vanaf Gurue.

Die finansiële state soos verskaf deur die ouditeure, is goedgekeur. Met die huidige sterk rand word ons deur die wisselkoers in staat gestel om die Rande verder te rek. 'n Inbetaling van R36,000 deur United Christian Broadcasting (UCB Africa) stel ons in staat om die radiotoerusting op te gradeer met nuwe rekenaars en ander toerusting. 'n Afskrif van ons finansiële state is op aanvraag beskikbaar.

'n Hoogtepunt vir die programvervaardigers was verseker die aankope van 'n 50cc motorfiets om reise na kerke makliker te maak vir veldopnames. Die nodige voorsorgmaatreels is in werking gestel om te verseker dat die motorfiets nie misbruik sal word nie, maar aangewend sal word vir die doel waarvoor dit aangekoop is. Dankie aan Allen wat die aankope en toesig hanteer.

'n Groot DANKIE aan al die ondersteuners (gemeentes, individue, UCB-Africa) van die Radiobediening. Sonder julle getroue finansiële en gebedsondersteuning sal dit verseker nie moontlik wees om hierdie bediening in stand te hou en te laat groei nie. Natuurlik weet ons dat God hierdie bediening wat Hyself ge-inisieer het in stand sal hou solank as Hy dit wil. In die proses maak hy egter van mense gebruik wat Hy daartoe bemagtig. DANKIE vir julle gehoorsaamheid.

Alhoewel die Kerk tradisioneel tot 'n groot mate afskakel oor die vakansietyd in Desember om 'n broodnodige ruskans te benut en asem te skep, gaan die radiobediening steeds voort om weekliks programme te vervaardig vir uitsaaidoeleindes. Julle gebede in hierdie tyd is dus steeds net so noodsaaklik as ander tye van die jaar. Dit is met groot verwagting dat ons uitsien na 2011 oor wat God vir die Bediening beplan het.

Bid asb vir:

- Allen en Ansie v/d Merwe vir 'n veilige reis na SA en dat hul voertuig nie onklaar sal raak nie;
- Die produksiespan in Gurue vir hulle en hulle gesinne en families se persoonlike geestelike welsyn; asook
- Dat die "Ou, ou tyding van Gods' heil" nuut sal klink oor die radiogolwe vir alle mense.

Besoek gerus ons webblad www.gurueradio.org.za vir meer inlging en fotos.

Armenië – E-pos ontvang vanaf Mike de Beer

Uittreksel uit e-pos van 21 November 2010

Net 'n vinnige terugvoer oor die konferensie wat ek en Lenie in Turkye gereel het.- daar was ongeveer 160 mense oor 'n tydperk van 14 dae, terugvoer, beplanning en besinning oor die toekoms. Agv jul gebede en God se baie groot genade het als goed afgeloop, reis, verblyf, etes, en amper 100e vergaderings. Volgens terugvoer ontvang was almal gelukkig. Ons is regtig moeg en kan nie wag om in Parys by ons huis te kom nie. Die "rus" daar sal kortstondig wees aangesien ons Saterdag weer Armenie toe gaan vir 'n week!

Wat ons posisie aanbetref, ek is gevra om MPD director (ministry partnership development) van die area te word, asook om die kontak tussen JF en die streek te wees maw om 'n groot deel van Josh se werk oor te neem. Dis vir my 'n groot eer maar my hart is die Perse-mag ek vra dat jul vir my vir leiding sal bid asb. Indien ek nie op een van dit besluit nie sal ons (waarskynlik) iewers anders verhuis

waar CCC se Persiese tak ookal verskuif, wat kostes en taal en aanpassing sal beteken. Ons weet God is en Bly in beheer- ek weet dat jy vir ons bid en daarom vra ek julle vir gebed. Ek sal 'n antwoord moet gee voordat ons in Desember huistoe gaan.

Gisteraand het ons by Hamza en Fehriye gekuier in Istanbul. Hamza is die persoon met wie ek saamwerk in Turkye- hul het 'n dogterjje van 7 en 'n seuntjie van 1, vir ongeveer 4 jaar het sy Thairoid kanker. Sy is baie bekommerd en angstig- aangesien sy moontlik haar stem mag verloor agv die operasie. wat eerskomende Dinsdag gedoen word. Tydens swangerskap was haar Chemo behandeling gestaak -- ek het belowe dat ek BAIE mense Sal vra om vir haar in te tree. Ek glo dat God 'n wonder werk sal laat gebeur . Hul epos adres is Hamza.Ozant@postca.net as jy miskien 'n epos ter bemoediging wou stuur. (in Engels as jy nie Turks magtig is nie) Hamza se bekommernis ,saam met alles wat om die situasie gaan is die koste hiervan- 28,000 USD! Indien jy hiermee sou kon help kan jy 'n betaling op my spaarrekening maak met 'n duidelike verwysing " Fehriye" en jou naam en ek belowe om dit in kontant aan hul oor te betaal. die info; spaarrekening ; m j de beer ; standardbank menlynn; rek # 4144 63 404 kode; 12345.

Dankie vir 'n geduldige oor, ons steun swaar op julle. radiobediening steeds voort om weekliks programme te vervaardig vir uitsaaidoeleindes. Julle gebede in hierdie tyd is dus steeds net so noodsaaklik as ander tye van die jaar. Dit is met groot verwagting dat ons uitsien na 2011 oor wat God vir die Bediening beplan het.

Laudium Outreach Group (LOG)

Report on Activities in 2010

Outreach on Monday evenings

Members attending: 10 to 20 people reaching out in 2 to 3 persons per group per evening. Members are from Charisma and other Laudium congregations, different Dutch Reformed Congregations, and the Hatfield Christian Church

Target group: Visit people mostly through contacts and referrals from previous contacts and from specific invitations. Visiting Christians, Muslims and Hindus

Visits: 6 – 7 contacts per evening; 200 to 250 visits per annum
Some of the LOG members also took part in the World Cup
Outreaches organised by Eternal Goal

Results: The Charisma congregation member numbers has grown steadily over the last year; In November 2010 Ant Ganaga and Ashwin (an Ex Hindu converts) was baptised as a direct result of the outreach

Discipleship: Young Christians are visited on a weekly/two-weekly basis as to disciple them to grow in the Lord.

Friendship evangelism: Muslims/Hindus are also reached through friendship evangelism.

Literature: Bibles and dedicated tracts are distributed on a regular basis – specifically targeting those coming from the Muslim and Hindu background.

Training Opportunities

During 2010 the LOG group organised three Muslim evangelism training courses – as part of the World Cup outreach and One Hindu evangelism training course.

Andre Rall is the organiser of the training courses (+27 82 924 2488)

Film Outreaches

Two film outreaches were also conducted in 2010, in which the Jesus film was shown in the beginning of the year and Cross and the Switchblade mid year.

DVD Library

The DVD library has been placed under the control of Shaun Munsamy, and numerous Christian videos are circulated throughout the LOG group as well as the Laudium community.

Prayer Support

Gert Kok, sends out a prayer letter on a weekly/bi-weekly basis with very specific prayer requests from the outreaches as well as from the families/individuals being disciple.

Appreciation

We want to give thanks to our Lord and Saviour Jesus Christ for saving us and entrusting us with the task of proclaiming His Good News to the nations in Laudium.

The Laudium outreach group (LOG) would like to use this opportunity to express our gratitude to all other participating congregations in assisting LOG to do the outreach work in and around Laudium.

Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE

Vanjaar is dit 21 jaar terug dat kommunisme tot 'n val gekom het en die Berlynse muur letterlik afgebreek is. Ongelukkig het kommunisme 'n slegte nalatenskap: bankrot regerings, erge armoede, geweldige maatskaplike probleme, en oorvol kinderhuise (bv: in Oekraïne is daar 300 kinderhuise, en in Roemenië is daar 630).

Via Sending Sonder Grense tree lidmate van ons gemeente op as borge tov 59 kinders en gesinne in Ukraine en Moldawië. Ons Kategesekinders borg ook 'n seun in Oekraïne, naamlik **Sergiy Denysenko (gebore 25/12/2000)**. En vanaf Maart 2010 word 'n seun (**Vadym Ovsichuk, gebore 10/3/1998**) en 'n dogter (**Iryna Zhuchenyha, gebore 17/6/2002**), albei in kinderhuise in Oekraïne, deur die Taakspan Sending namens Rietfontein-Suid Gemeente geborg. Die Tait-vir-Jesus Omgeegroep borg ook vanaf Maart 2010 'n dogter (**Oleksandra Kostyuk, gebore 15/09/2003**). Sy is ook van Oekraïne.

Ek is steeds besig om op die Sondag wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir kinders/families te werf. **Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid.**

Ek probeer om elke maand vir 20 kinders in kinderhuise borge te kry teen R160 per maand (dit is genoeg om in hierdie oud-Russiese lande letterlik vir alle basiese lewensmiddele wat 'n kind nodig het, te betaal, asook in hul geestelike, opvoedkundige en emosionele behoeftes te voorsien).

Die Here is uiters getrou! Orals waar SSG se werk in gemeentes bekendgemaak word, raak Hy lidmate se harte aan om maar nie net vir hierdie saak te bid nie, maar om ook self kinders te borg.

Deur die loop van 2010 het ek gepoog om borge tov 200 kinders en gesinne te kry – die Here het 282 voorsien!! Alle dank en eer aan die Here daarvoor!

Hou asseblief aan om die Here te dank vir sy seën op hierdie bediening, en bly bid vir nuwe afsprake – dat gemeentes bereid sal wees om vir my 'n preek- en aanbiedingsgeleentheid tydens 'n oggenddiens te gee.

Indien u deurlopend (so een keer per week via sms – nie tydens skoolvakansies nie) terugvoer wil kry en wil bid vir hierdie saak, kontak/sms my asseblief by 082 601 4235.

Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv 'n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgeegroep of bv 'n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.

Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy
Sending Sonder Grense
Ds Hannes Peens (Limpopo)

Ds Leon Tait
012-333 2470

Koerde

Cobus de Waal
082 749 7846

Mosambiek radiostasie
Allen en Ansie vd Merwe

Japie en Ena le Grange
012-331 3953

Gebedsketting
Laudium

Alet Briers
012-331 1311

Alta Glas

Koenie Goosen
084 652 8773
012 333 5325

Indien u die Oestyd voortaan elektronies wil ontvang, stuur asb 'n e-pos na hdt@telkomsa.net met die onderwerp Oestyd.

Sendinggroete in Christus
Taakspan vir Sending
NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615
Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)